

## Afrikaanse Letterkunde-\* en Kunskompetiese\*\*

\* Letterkunde sluit in poësie; \*\* Kuns sluit in skets en skilder met enige medium

Trek jou pen, potlode of verf en papier nader, dit is tyd vir ToekomsVonk se Letterkunde- en Kunskompetiese.

Deelname word aangemoedig vir alle Afrikaanse Hoër- en Laerskole.

Inskrywings is gratis.

**Wees uniek en gee jou visie vlerke in Afrikaans.**

**Hierdie jaar se tema is GESKIEDENIS. Kies een daarvan om oor 'n gediggie te skryf of om oor te teken.**

Gebeure in ons geskiedenis waarvoor geskryf of geteken kan word, is: (Kies slegs een)

- **Die Groot Trek**
- **Kinderhelde**
- **Monumente**
- **Veldslae**

### Pryse:

- **Poësie kategorie: Wenner R1000, 2de plek R500, 3de plek R300.**
- **Kuns kategorie: Wenner R1000, 2de plek R500, 3de plek R300.**
- ToekomsVonk behou die reg om die 'wen' inskrywings in 'n boek te publiseer en as e-boek te koop aan te bied.
- Die publikasie word deur ToekomsVonk self gedra en sal tydens die prysuitdelingsgeleetheid (soos per aankondiging) bekendgestel word en as e-boek daarna te koop aangebied word.
- Benewens die reg tot opname (sonder vergoeding) in hierdie boek, berus die outeursreg by die outeur en ook die kopiereg volledig by die skilder.
- Let daarop dat benewens die prys toegeken soos per die uiteensetting hierbo, geen verdere vergoeding aangebied word deur ToekomsVonk aan die outeurs en skilders nie.

### Reëls en Regulasies:

- Sluitingsdatum: **30 September 2020.**
- Slegs inskrywings in AFRIKAANS word aanvaar.
- Elke individu mag oor slegs een tema 'n inskrywing instuur, maar wel in letterkunde (Poësie) asook kuns, een in elk, inskrywing instuur.
- Die inskrywingsvorm (volledig ingevul) moet saam met die inskrywing ingestuur word. (Onthou om jou naam en die titel op jou inskrywing ook aan te bring, verkieslik bo -aan.)
- Alle inskrywings wat ontvang word sal elektronies getoets word vir plagiaat. Volgens die Wet op Outeursreg is enige vorm van plagiaat 'n kriminele en dus strafbare oortreding.
- Bestuurslede van ToekomsVonk, Beoordelaars, asook hul gesinslede, mag nie deelneem nie.
- Geen korrespondensie sal oor die uitslae gevoer word nie en die beslissing is finaal.
- Geen kommentaar word op individuele inskrywings gelewer nie.

- ToekomsVonk behou die reg voor om alle inskrywings na bekendmaking van die wenners te vernietig.
- Die wenners sal telefonies en per e-pos verwittig word alvorens die wenners op sosiale media en openbare forums bekend gemaak word. Die media sal ook van die uitslag verwittig word.
- Prysuitdelingsgeleentheid: Die wenners sal telefonies en per e-pos verwittig word van datum, tyd en plek.
- Pryse word slegs toegeken as die gehalte dit regverdig.
- Alle oorspronklike kunswerke moet aan ToekomsVonk gestuur word, sou dit aangevra word en bly die eiendom van ToekomsVonk.

#### **Verdere reëls:**

##### **POËSIE**

- Gedigte moet in Afrikaans geskryf wees en gebaseer wees op een van die temas soos voorsien.
- Gedigte mag nie 20 reëls oorskry nie.
- Gedigte moet elektronies aan ToekomsVonk gestuur word.
- Inskrywings getik wees, of geskryf.
- Stuur asb. jou inskrywing na: [info@toekomsvonk.co.za](mailto:info@toekomsvonk.co.za)

##### **KUNS**

- Sketse kan in enige medium gedoen word.
- Sketse moet een van die temas wat voorsien word uitbeeld.
- Sketse moet op A4 of A3 groottes gedoen word.
- Inskrywings moet as hoë resolusie skanderings aan ToekomsVonk gestuur word by [info@toekomsvonk.co.za](mailto:info@toekomsvonk.co.za)
- Oorspronklike kunswerke kan deur ToekomsVonk aangevra word.

## Inskrywingsvorm

Stuur slegs hierdie vorm terug saam met letterkunde en of kunswerk na

[info@toekomsvonk.co.za](mailto:info@toekomsvonk.co.za)

Naam							
Van							
Skool naam							
Ouderdom							
Graad	1	2	3	4	5	6	7
	8	9	10	11	12		
Kategorie waarvoor jy inskryf	Letterkunde			Kuns			
Tema waarop jou inskrywing gebaseer is	<i>Die Groot Trek</i>			<i>Kinderhelde</i>			
	<i>Monumente</i>			<i>Veldslae</i>			
Kontak telefoonnr van ouer/ voog							
e-posadres van ouer/ voog							
Hiermee verklaar ek dat die werk wat ek inskryf my eie is	JA			NEE			
Hiermee gee ek Toekomsvonk toestemming om my werk te publiseer sou ek een van die winners wees.				JA		NEE	
Handtekening van skolier							
Naam en van (ouer/voog)							
Telefoon nommer ouer/voog							

Verklaring van OUER/ VOOG

Hiermee erken ek (volle naam en van) \_\_\_\_\_ dat ek die inhoud van hierdie brief gelees het, dit aanvaar en dat dit bindend is tot my kind se inskrywing.

Geteken te \_\_\_\_\_ op hierdie \_\_\_\_\_ dag van \_\_\_\_\_ 2020.

Handtekening \_\_\_\_\_ Getuie \_\_\_\_\_